DIE SKADUKOL

Volume 49

Onverwags Wildsplaas
Bush 'n Buck
Klipdraai (Presidente 2015)

Nuusbrief van:

S.A.W.A. BOSVELD

die redaksie sê

Hi Bosvelders

Ek kan nie glo dat tyd so vinnig verby gegaan het nie...
Voor die Presidente het ek al begin met die Skadukol, en tyd het my toe gevang dat ek hom nie betyds toe kon uitstuur nie.
Nou ja...
Hier is hy... die eerste Skadukol vir 2015...
Ek het 'n versoek gekry dat ek die skrif 'n bietjie groter moet maak, ek sal probeer om dit te doen as die plek my gaan toelaat.
Julle sal ook sien dat ek Lief en Leed uitgehaal het.
Dis nie dat ons nie omgee wat gebeur nie, maar omrede ons die Skadukol slegs een keer per kwartaal publiseer, sal baie van die lief en leed dan ou nuus wees.
Ons het ook "Volgende Kamp" uitgehaal, vir die eenvoudige rede dat alles reeds in die Kamp-Program verskyn, en weereens dat die Skadukol slegs een keer per kwartaal publiseer word. Al die inligting van volgende kampe sal via WhatsApp en e-posse uitgestuur word.
Ons wil graag 'n versoek rig aan almal...
Ons kort dringend iemand om ons te help met die Skadukol. Indien julle belang stel om oor te vat as redakteur, kontak ons asseblief, of as julle stories, grappies, interessante artikels, nuus oor oorde... basies enige-iets wat julle in die Skadukol wil sien, en ons werk so bietjie makliker kan maak, stuur dit vir ons asseblief.
Hierdie laaste paar maande hardloop ek rond en kry amper nie kans om alles te doen wat ek moet doen nie...
Enige hulp sal hoogs waardeer word...

Baie Dankie

Bosveldgroete

Roelf & Lizelle

INHOUD

1:Voorblad Foto: Internet
2: Die Redaksie sê
3: Advertensies
4: Nabetraging: Onverwags (Asemskep-Naweek)
5: Statistiek: Onverwags (Asemskep-Naweek)
6: Nabetraging: Bush 'n Buck (Dames-Naweek)
7: Statistiek: Bush 'n Buck (Dames-Naweek)
8: Nabetraging: Klipdraai (Presidente)
9: Statistiek: Klipdraai (Presidente)
10: Wees Handig **NUUT**: Kragprop Trekker
11: Iets vir die Bosvarkies: Soek die verskille
12: SAWA Erekode Pitkos
13: Wie Verjaar
14: Advertensies
15: Boskombuis: Melktert-Jaffels
16: Lag jou "kol" af
17: Uit die pen van die Voorsitter
18: Bosveld Drag Pryslys
19: Jaarprogram 2015 & Bosveld Bank Besonderhede
20: Bestuur Inligting

RIO GRAFSTEENWERKE
MEMORIAL WORKS

"DIREK VANAF DIE FABRIEK AAN DIE PUBLIEK"

082 703 9564 (Roelf) 082 892 5972 (Hannes)

012 252 3623 (Fabriek)

086 542 4431

rbrewis.rio@gmail.com / riograf@telkomsa.net

Vir ons volledige reeks grafstene, gaan loer gerus op:

www.rbrewisrio.wix.com/riobrits

ADVERTEER in DIE SKADUKOL

Kontak: Roelf - sawa.bosveld@gmail.com

Brits Caravans & CAMPWORLD

TRAILERS TRAILERS Gypsey Sprite Sprite

ONS

- IS JULLE WOONWA HANDELAAR IN BRITS
- HANDEL IN JURGENS, GYPSEY EN SPRITE WOONWAENS
- KAN JULLE VOORSIEN VAN BAGASIE EN "OFFROAD" SLEEPWAENS
- IS JULLE "CAMPWORLD" HANDELAAR MET GROOT VOORRAAD TOEBEHORE
- HET 'N VOORRAAD OPGESLAANDE TENTE OM TE KIES EN KEUR
- WERKSWINKEL HET 'N VYF STER TOEKENNING ONTVANG
- IS 'N ASSURANSIE GOEDGEKEURDE HANDELAAR
- DIENS, DOEN HERSTELWERK, ASOOK OMBOUINGS AAN JULLE WAENS

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY ONS

(012) 252 4882 www.britscaravans.co.za

KARAVAAN PARK
ONVERWAGS
WILDSPLAAS
CARAVAN PARK

Ek en Andri sleep Vrydag vroegoggend by Onverwags in en tref vier Bosvelders reeds daar aan.
Jeanette ontvang my met 'n breë glimlag en wys my waar, volgens haar, die beste staanplek is.
Ek trek dan ook sumier daar in.
Sy sê dat sy ter enige tyd beskikbaar is vir navrae of hulp en noem dat die groot hope hout spesiaal vir ons Bosvelders verskaf is.

Ek en Andri kom met die hulp van oom Buks en oom Neels tot staan en drink liters koeldrank in 'n poging om die hitte af te weer.
Die terrein en die ablusie is, soos die vorige keer, pragtig groen en baie netjies.
Die res van die waens kom so stuk-stuk aan en laat middag is daar skoon 'n verkeersknoop soos almal staanplek soek. Boekevat is die aand goed deur oom Buks gelei en feitlik almal woon dit by.

Saterdag begin met 'n wildrit deur 'n klompie, maar die ander moet wag tot Sondagoggend.
Dis nogal 'n vrolike dag met kinders wat hardloop, fietsry, speel en raaskry by ouers wat net wil ontspan.
Laatmiddag, na die ergste hitte, word daar bietjie skeie gegooi.
Ons kyk wie vaar die beste uit drie gooie en klein Gert wen met groot gemak deur die pen 3X te tref.
Daarna volg die waartlemoen etery, en natuurlik 'n onwettige smeerdery.

Ek het net besef dat ons beslis aan die kleintjies moet dink as ons weer so iets reël.
Was doodbang een word teen die kop getref toe hulle begin skeie gooi.
Die aand word afgesluit met 'n gesellige saambraai rondom die grootste vuur wat die Bosvelders in 'n lang tyd gesien het.

Sondagoggend 8vm gaan die res op 'n wildrit waar ons nie baie diere sien nie, maar in onverwagse ontmoeting met 'n slang *(spesie onbekend) het wat vir groot opwinding sorg en Eben in vreemde tale laat praat.

Oom Buks lei die godsdiens weereens pragtig en dit word gevolg deur die afsluiting.
Hettie en Nelmarie moet lootjies trek aangesien albei die vasvra korrek het.

Dan begin die gewone geluide van tentpenne wat val en hard en duidelik sê dat nog 'n heerlike Bosvelder naweek tot 'n einde gekom het.

Baie dankie. Dit was heerlik.

Rina du Toit

*Red - Ons verneem dat die slang wat ons kom groet het 'n swart mamba was, ons is net bly dat dit niemand gepik het nie...



KARAVAAN PARK
ONVERWAGS
WILDSPLAAS
CARAVAN PARK

Datum: 30 Januarie 2015 - 1 Februarie 2015
Tema: Asemskep Naweek
Kampkommandant/e: Rina du Toit & Martie Smit
Bossersant: JT Smit
Boetebeampte/s: Rina du Toit & Martie Smit
Stoutgat/te: Charmaine Smit
Boeterakker: JT Smit
Stoutgatjie: Chelsè Smit

Boekevat Vrydag-aand: Oom Buks Möller
Boekevat Saterdag-aand: Oom Buks Möller
Erediens Sondag-oggend: Oom Buks Möller

SAWA Bosveld Lede

Lid Nommer	Lid Naam	Alg. Kamp #	Eie Kamp #
12098	JRP Brewis (jnr)	37	29
10064	JRP Brewis (snr)	143	125
12696	MJ de Beer	3	1
11240	R du Toit	82	75
12663	L Grobbelaar	7	6
12223	RJ Hattingh	32	27
12733	JA Joubert	3	3
6269	GH Meyer (snr)	324	235
7492	GH Meyer (jnr)	300	212
11336	HF Möller	82	76
12644	SJ Oosthuizen	7	7
7485	N Roodt	89	80
11265	TJC Senekal	65	53
10767	M Smit	117	103
10908	BF Smit	52	58
12702	JA Smith	3	2

Gaste:
Lucas Buys
Gordon & Hanlie Drydale
Eben & Elmarie Coetzee

BUSH N BUCK

Nabetraging...

Eerstens wil ons baie dankie sê vir almal wat die kamp meegemaak het.
Ons was 'n totaal van 10 waens en so 14 lede (Dit is gaste ingesluit)

Vrydag-aand is daar heerlike boereworsrolle gemaak en verkoop as fondsinsameling vir die Kongres. Al die worsrolle het vinnig elkeen 'n honger eienaar gekry...
Baie dankie vir die goeie ondersteuning en die borge.

Saterdag het ons 'n ope vergadering gehou. Die Kongres was die hoof bespreking en so het ons besef dat daar nog baie reëlings is om te bespreek. So ons vra dat almal asseblief probeer om die kampe by te woon.

Saterdag middag het die dames vergader. Ons het dit nogal 'n heel lekker kuiertjie gemaak, met eetgoed, 'n hand-werkie en party het sommer net lekker saam gesels en gekuier.
Daar is ook ons "Spokie"-klub gestig met die dames wat daar was en wou deelneem. Dit is regtig 'n goeie idee, so bederf maar jul "spokies" hoor... ons sal weer een van die dae verander...

Dankie aan die mense wat die boekevat behartig het. Sonder God in ons lewens is ons tog niks. Ons waardeer dit opreg.

Ons hoop almal het die naweek terdeë geniet.

Tot volgende keer

Bosveldgroete

Hettie & Martie



BUSH N BUCK

Datum: 6 - 8 Maart 2015
Tema: Dames Naweek
Kampkommandant/e: Hettie Brewis & Martie Smit
Bossersant: Chelsè Smit
Boetebeampte/s: Lizelle Brewis
Stoutgat/te: Lucas Buys
Boeterakker: Chanté Brewis
Stoutgatjie: Lindie de Beer

Boekevat Vrydag-aand: Roelf & Hettie Brewis
Boekevat Saterdag-aand: Oom Gert Meyer
Erediens Sondag-oggend: Oom Buks Möller

SAWA Bosveld Lede

Lid Nommer	Lid Naam	Alg. Kamp #	Eie Kamp #
12098	JRP Brewis (jnr)	38	30
10064	JRP Brewis (snr)	144	126
12696	MJ de Beer	4	2
12663	L Grobbelaar	8	7
12223	RJ Hattingh	33	28
6269	GH Meyer (snr)	313	236
7492	GH Meyer (jnr)	301	213
11336	HF Möller	83	77
12644	SJ Oosthuizen	8	8
11265	TJC Senekal	66	54
10767	M Smit	118	104
10908	BF Smit	53	59

Gaste:
Lucas Buys
Eben & Elmarie Coetzee

Klipdraai
Caravan Park
Karavaan Park

Hi Bosvelders

Ons almal ken vir ou Murphy...
Wel, hy het besluit om vir my te kom kuier tydens die Presidente.
Elke jaar by die Presidente is ek te besig om 'n "breakfast burger" te kry, en die jaar wat ons nou besluit om rustig wees... maak hulle nie "breakfast burgers" nie...
Maar nietemin was die Presidente 2015 baie lekker en BAIE rustig... Die lang-naweek was eintlik te kort en teen Maandag was ons steeds lus om nog so paar dae te kamp....

Kom ons begin by Vrydag... Eintlik kon ons begin het by Woensdag, want van die Bosvelders het alreeds Woensdag by Klipdraai opgedaag en dit 'n behoorlike lang naweek gemaak.
Op die einde van die dag is ons toe 9 lede met 7 Waens en 'n Tent wat die saamtrek bywoon.
Die atmosfeer was lekker rustig en ons het wonderlike staanplekke gehad.
Basies 'n klipgooi van die tent af...
Donderdag-aand open ds. Otto Clasen vir ons die Presidente en deur die loop van die naweek het hy preke gelewer wat by elkeen wat daar was vir ewig sal bly...
Vra maar enige iemand wat daar was wat "toe nie" beteken...
Saterdag was ook seker die rustigste Saterdag wat ons al ooit by 'n Presidente gehad het...
Saterdag aand was daar n Musiek aanbieding en die hele Bosveld het deelgeneem aan dit...
Net jammer vir van die boetes né.... Nietemin was dit baie lekker.
Die res van die naweek het verder heel rustig verby gegaan en ons kon lekker uitrus.
Soos ek gesê het by die AJV laas jaar, het ons toe gesien wat kort by die Presidente...
Ons sal meer daaroor uitbrei by die AJV. Ons wil nog net eers 'n bietjie navorsing nog gaan doen.
Indien 'n ander streek dieselfde gedagte as ons het, en ons voorspring met die idee, sal ons dan maar weer soos die jaar net 'n fondsinsameling hou vir die nasionale kas.
Baie dankie aan elkeen wat hul R100.00 de gegee het vir die fondsinsameling.
Ons gelukkige wenner vir die naweek was toe Martie Smit, wat haar Naweek Koste toe terug gewen het.
Aan almal wat die jaar die Presidente bygewoon het, baie dankie vir 'n lekker naweek,... die wat dit nie bygewoon het nie,.... Julle weet nie wat julle gemis het nie.....
Hopelik sien ons meer Bosvelders volgende jaar by die Presidente... Ons gaan buitendien so paar ekstra hande nodig hê om te help met die "nuwe" projek indien dit so goedgekeur gaan word...

Sien julle by Klein Paradys met die Potjie-kompetisie

Bosveldgroete

Roelf

Klipdraai
Caravan Park
Karavaan Park

Datum: 2 - 6 April 2015
Tema: Presidente
Kampkommandant/e: Streek Luiperds en Streek Suid-Oos
Bossersant: Geen
Boetebeampte/s: Geen
Stoutgat/te: Geen
Boeterakker: Geen
Stoutgatjie: Geen

Boekevat Donderdag-aand: Ds. Otto Clasen
Erediens Vrydag-oggend: Ds. Otto Clasen
Boekevat Vrydag-aand: Ds. Otto Clasen
Erediens Sondag-oggend: Ds. Otto Clasen
Boekevat Maandag-oggend: Ds Otto Clasen

SAWA Bosveld Lede

Lid Nommer	Lid Naam	Alg. Kamp #	Eie Kamp #
12098	JRP Brewis (jnr)	39	31
10064	JRP Brewis (snr)	145	127
12772	EJC Coetzee	3	3
12696	MJ de Beer	5	3
12663	L Grobbelaar	9	8
12349	EJA Hough	13	12
11265	TJC Senekal	67+68	55
10767	M Smit	119	105
11493	D van der Nest	28+29	22

Gaste:

Salie & Denise Gerber

Kragprop-trekker

'n Mens kry partykeer 'n hardkoppige kragprop wat nie wil uitkom nie, en later het jy al die bottermes beet om hom uit te kry... terwyl jy hoop en bid dat jou hare nie almal skielik regop skiet nie...

Hier is iets wat dinge baie meer gemaklik gaan maak.

Sny hierdie patroon uit op 'n stuk denim, leer, kunsleer of canvas (ripstop-materiaal waarvan sterk tente gemaak word)
Moenie op gewone materiaal sny nie, dit gaan te swak wees en sal skeur as die kragprop te hardkoppig is.
Maak die gaatjies en druk elke punt van die kragprop deur.
En siedar... Nou hoef jy nooit weer te sukkel met 'n hardkoppige kragprop nie...



Iets vir die
BOSVARKIES

Kry 7 Verskille



SAWA Erekode

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook die Riglyne en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie.
Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe.

2. Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoe doen om ons assosiasie uit te brei.

3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.

4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.

5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.

6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom af te dwing.

Julle kan S.A.W.A. Se Grondwet
aflaai deur om hierdie QR kode te "scan"

Gaan loer ook maar gerus op SAWA se webwerf vir interessante artikels en baie informasie:

www.sawa.org.za

As 'n trein deur 'n tonnel gaan en dit donker om jou word, gooi jy nie die treinkaartjie weg en spring van die trein af nie.
Jy sit stil en vertrou die ingenieur.

JANUARIE

3 Cobus Brink
3 Stefan Joubert
4 Marischka Whiteman
5 Zeneldie v/d Nest
6 Lindie de Beer
9 Jacomien Pienaar
11 Karin v/d Schyff
13 Jonathan j/v Rensburg
14 Leon Nortje
14 Herman Joubert
20 Buks Meyer
21 Ina Wardley
23 Tracy Gouws
25 Ina Wolfaardt
26 Johanna v Wielligh

FEBRUARIE

7 Riaan v/d Merwe
12 Amanda j/v Rensburg
13 Lynette Senekal
15 Leonie Roodt
15 Buks Möller
18 Anne-Marie Engelbrecht
20 JJJ v Rensburg
22 Nikita Hough
24 Anettw v/d Merwe
28 Babs Senekal

MAART

1 Theunis Eberson
2 Koos v/d Merwe
3 Marlene Smith
6 Zanika de Beer
11 Chanté Brewis
12 Roelf Brewis (jnr)
19 Lenie Gillespie
24 Hettie van Rooyen
28 Zandrie de Beer
30 Bianca Engelbrecht

APRIL

1 Elize Nortje
2 Donavan v/d Nest
2 Charlene v/d Nest
5 Mikayla Hough
7 Theo Senekal
10 Elmarie Senekal
19 Tiaan Smith
27 Tanya Pretorius
28 Andre j/v Rensburg

MEI

4 Zelda de Beer
5 JP Schlebusch
7 Andrea j/v Rensburg
7 Wilhelm de Beer
12 Piet v/d Schyff
12 Marthus de Beer
13 Charmaine Smit
14 Cornel Brink
18 Hettie Brewis
20 Elize Erasmus
21 Chelsè Smit
22 Talbot v Rooyen
24 John Wardley
30 Robert Gillespie

JUNIE

3 Adriaan Smith Jnr
4 Maruis Engelbrecht
4 Maruis Pretoruis
7 Gina Brink
8 Brian Owen
9 Lea de Beer
11 Christopher Brink
12 Tiaan Pretoruis
12 Jurie Walker
20 Ansie Eberson
22 JT Smit

JULIE

3 Marthie du Plooij
5 Petra v/d Merwe
7 Bianca Brink
8 Zjack de Beer
13 Spokie Meyer
14 Isabel Hattingh
14 Jannie Erasmus
17 Boetie Smit
20 Hanlé Schlebusch

AUGUSTUS

1 Daleen Casteleijn
3 Katinka Bezuidenhout
5 Attie Hattingh
9 Elmarie Hough
9 Chanté Wolfaardt
12 Christel Wolfaardt
18 Gert Meyer Snr
21 Dries Schlebusch
22 Freda Blomerus
25 Phillip v Wielligh
27 Driaan Wolfaardt
29 Charlmari j/v Rensburg

SEPTEMBER

3 Anna j/v Rensburg
6 Ulicia Theron
6 Lettie Möller
7 Jan Miller
8 Leonard Grobbelaar
10 Pine Pienaar
21 Nelmarie Grobbelaar
26 Adriaan Smith Snr
28 Marianna Barnard

OKTOBER

3 Streek Bosveld
4 Juan-dre Hough
6 Lizelle Brewis
20 Heleen Meyer
22 Danie v/d Nest
22 Mannetjie Hough
23 Neels Roodt
27 Daan Blomerus
27 Gert Meyer Jnr
28 Hester Miller
28 Jaap du Plooij
29 Martie Smit
29 Roelf Brewis (snr)

NOVEMBER

1 Stefnie Joubert
3 Cobus Bezuidenhout
3 Rina du Toit
4 William Gillespie
16 Joey Oosthuizen
17 Sarel Barnard
17 Jan Casteleijn
19 Linda de Beer
28 Sansie j/v Rensburg
29 Karin v/d Nest

DESEMBER

1 Christo Wolfaardt
2 Riaan Louw
5 Riaan Pretoruis
5 Ewald Pretoruis
6 Gawie du Toit
8 Charnel Louw

Indien een van julle se name nie op die lys is nie, laat weet ons asseblief sodat ons die lys op datum kan bring...

Dragonfly Imprints

SPORTS CLOTHING - DIGITIZING - EMBROIDERY

Charmaine Smit
Tel: 014 574 4338
Cell: 076 413 4524
Email:charmaine@dragonflyimprints.co.za
Website:www.dragonflyimprints.co.za

Kontak:
Stefnie Viljoen
079 394 6033
stefniev@gmail.com

Vir diegene wat nie deel wil wees van die "kletsgroep" nie, stoor asseblief my nommer (082 689 6519) op jul fone, en stuur die woord "Broadcast" na my toe.
Julle sal slegs dan belangrike inligting van my af deurkry.

SAWA Webtuiste
www.sawa.org.za

SAWA Bosveld
Webtuiste

SAWA Bosveld
Facebook

Gaan
Like
Ons

082 689 6519
SAWA Bosveld WhatsApp groep

BOS KOMBUIS

Melktert-Jaffels

Bron: Weg se werf | Weg Sleep forum

Deur: Aletta Lintvelt, Foto: Jan Ras

Lewer 4

150 ml melk
2 eiergele
20 g koekmeel
60 g suiker
5 ml vanielje geursel
8 snye witbrood
botter, vir smeer
kaneelsuiker

1 Klits 4 eetlepels van die melk met die eiergele.
Gooi die meel en suiker daarby en klits tot glad.

2 Verhit die orige melk oor lae hitte tot dit net begin kook.
Roer vinnig die eiermengsel daarby en hou aan roer tot verdik.
Kook saam vir 1 minuut, roer aanhoudend. Die vla kan baie maklik aanbrand.
Gooi die vanielje-geursel by en roer goed saam.

3 Botter die brood en sorg dat die gebotterde snye na buite wys.
Skep van die melktertpap in die middel en bedek met nog 'n sny brood.
Rooster in 'n jafflepan tot bros en goudbruin.
Sprinkel kaneelsuiker oor en geniet dadelik.

indien julle dalk iets snaaks het, of enige idees of grappies het.
self 'n snaakse storie wat met julle al gebeur het.
stuur dit asseblief vir my...
Hoe groter argief ek het hoe beter...

LOG

jou "Kop" af...



Uit die pen van die voorsitter

Hi Bosvelders

Tyd is besig om vinnig verby te vlieg.
Ons het heelwat GROOT mylpale weer die jaar.
Ons het die kwiernaweek by Manyane, en dan die groot meneer..
Kongres 2015 by Buffelspoort.
Beplanning is volstoom aan die gang.
Laat weet asseblief enige bestuurslid as julle die Kongres kamp gaan bywoon.
Ons het baie hande nodig om ons te help met al die reëlings.
Indien julle enige borge het, of weet van maatskappye wat ons dalk kan borg, laat weet my asseblief dan stuur ek die borg-brief deur aan vir julle.

Julle sal ook sien dat daar heelwat veranderinge in ons JaarProgram is..
Ongelukkig kan mens nie alreeds so lank voor die tyd beplan vir gevalle soos nou nie..
Begin solank dink aan NUWE oorde vir volgende jaar.
Kom ons kyk of ons ten minste 3 nuwe oorde kan kry vir volgende jaar se kamp program.
Bush 'n Buck was 'n nuwe oord en dit was was 'n reuse sukses wat ons beslis weer in volgende jaar se program kan sit.

Ons wil ook kyk of ons nie by elke kamp 'n fonds-insamelings projek kan hou vir Bosveld nie.
By Bush 'n Buck het ons "Boerierolls" verkoop, en dit was 'n reuse sukses..
Dit was heel gerieflik vir die mense om nie vrydag-aand kos te hoef maak nie..
Ons kan dit gerus maar instel om by elke kamp so iets te hou.
Stuur jul voorstelle in, of as julle bereid is om uit te help, laat weet of vir my of die kampkommandante vroegtydig sodat die inligting vroegtydig kan versprei word na die lede.

Na die afloop van die Presidente het ons besef dat daar wel iets is wat aandag sal trek by die Presidente saamtrek.. maar meer hieroor by die volgende kamp en by die AJV, waar ons dit dan sal finaliseer.
Indien 'n ander streek ons voorspring met die idee sal ons maar weer 'n fonds-insameling hou soos die jaar.
Baie dankie aan almal wat 'n bydrae gemaak het. Ons kon 'n totaal van R 2,00000 aan die Nasionale kas oorbetaal.

Hou maar die WhatsApp groepe en jul e-pos dop vir belangrike details wat ek kort-kort deurstuur vir julle.

Bosveldgroete

S.A.W.A. BOSVELD

Drag

deur Dragonfly Imprints

Mans: Grand Prix Shirt (LO-GRA)

S/M/L	R 324.00
XL/2XL	R 349.00
3XL/5XL	R 376.00

Dames: Racing Pit Shirt (LL-RA)

S/M/L	R 301.00
XL/2XL	R 322.00
3XL/5XL	R 348.00

Mans: Titan Golfer (TIT)
Dames: Titan Golfer (L-TIT)

S/M/L	R 216.00
XL/2XL	R 229.00
3XL/5XL	R 245.00

Ultra Micro Fleece (met afzip moue) (MI-UL)

XS - L	R 315.00
XL - 2XL	R 339.00
3XL - 5XL	R 366.00

Monte Carlo Jacket (MON-JAC)

XS - L	R 495.03
XL - 2XL	R 538.92
3XL - 5XL	R 587.82

Kiddies Pique Knit Golfer

3-4 - 5-6	R 107.00
7-8 - 9-10	R 113.00
11-12 - 13-14	R 118.00

Kiddies Hooded Sweater

3-4 - 5-6	R 186.00
7-8 - 9-10	R 200.00
11-12 - 13-14	R 214.00

Kiddies Scout Jacket

3-4 - 5-6	R 249.00
7-8 - 9-10	R 267.00
11-12 - 13-14	R 288.00

Kontak Charmaine vir bestellings:

Charmaine Smit
Tel: 014 574 4338
Cell: 076 413 4524
Email:charmaine@dragonflyimprints.co.za
Website:www.dragonflyimprints.co.za

Let asseblief, pryse korrek op tyd van druk,
maar pryse kan enige tyd verander soos dit van Barron af kom.

Jaarprogram 2015

Datum:	Oord:	Tema:	***Koste:
30 Jan - 1 Feb	Onverwags	Asemskep Naweek	R 410.00
6 - 8 Mrt	Bush 'n Buck	Vroue Naweek	R 550.00
2 - 6 Apr	Klipdraai	Presidente	R 760.00
30 Apr - 1 Mei	Silver Rocks	Jakaranda 4X4 Saamtrek	R 600.00 *
29 - 31 Mei	Klein Paradys	Potjiekos Kompetisie	R 700.00
19 - 21 Jun	Weesgerus	Tuisblyers	R 706.00 *
19 - 23 Jul	Manyane	Seniorburger Saamtrek	R 180.00 p/n**
24 - 26 Jul	Manyane	Wildkyk Naweek	R 520.00
21 - 23 Aug	Drie Berge	AJV	R 560.00
18 - 20 Sept	Wesvaal	Visvang & Manne Naweek	R 420.00
**16 - 18 Okt	Buffelspoort	Kongres	Prys Sal Volg
6 - 8 Nov	Dube	Afsluiting	Prys Sal Volg

Kampkommandante

Onverwags - Rina du Toit & Martie Smit
Bush 'n Buck - Hettie Brewis & Martie Smit
Klein Paradys - Jannie Erasmus & Talbot van Rooyen
Manyane - Oom Buks Möller, oom Neels Roodt, JJJ j/v Rensburg, Roelf Brewis snr
Drie Berge - Roelf & Lizelle Brewis
Wesvaal - Theo Senekal & John Wardley
Buffelspoort - Streek Bosveld
Dube - Roelf Brewis jnr & JJJ j/v Rensburg

*** vir meer info, sien besprekings-forms wat per epos gestuur is.**
**** + R20.00 Plaatjie Koste**

SAWA Bosveld Bank Besonderhede:

Standard Bank Montana
Naam van rekeninghouer: SAWA Bosveld
Rekening Nommer: 20-03-93-32-4
Tak Kode: 01-5945-00
Tipe Rekening: Tjek
Fax Nommer: (012) 252 7934

Let asseblief:
Afsnydatum is 2 (Twee) weke voor 'n kamp.
Alle besprekings sowel as betalings MOET in wees voor die afsnydatum om 'n staanplek te verseker.

BESTUUR

VLNR: Roelf Brewis (Voorsitter), Lizelle Brewis (Addisioneel onder Penningmeester), JJJ j/v Rensburg (Addisioneel onder Onder-Voorsitter), Martie Smit (Sekretaresse), Hettie Brewis (Penningmeester), Theo Senekal (Onder-Voorsitter), Babs Senekal (Jeug Verteenwoordiger), Oom Buks Möller (Seniorburger Verteenwoordiger), Jonathan j/v Rensburg (Addisioneel onder Sekretaris)

Kontak Besonderhede van Bestuurslede:

Voorsitter:	Roelf Brewis	082 689 6519	rbrewis.rio@gmail.com
Onder-Voorsitter:	Theo Senekal	084 657 6369	theos@execmail.co.za
Sekretaresse:	Martie Smit	082 411 6906	mmesmit@telkomsa.net
Penningmeester:	Hettie Brewis	082 442 2671	hbrewis.rio@gmail.com
Addisioneel onder:			
Onder-Voorsitter:	JJJ j/v Rensburg	079 692 1817	j3vr@vodamail.co.za
Sekretaris:	Jonathan j/v Rensburg	083 263 7736	jonathan@viva.co.za
Penningmeester:	Lizelle Brewis	072 246 5765	lizbrewis@gmail.com
Seniorburger Verteenwoordiger:	Buks Möller	082 462 2100	
Jeug Verteenwoordiger:	Babs Senekal	084 534 4750	babsie@execmail.co.za
Redakteur:	Roelf Brewis	082 689 6519	dieskadukol@gmail.com
Proeflesers:	Lizelle Brewis & Hettie Brewis		
Facebook Redaksie:	Nelmarie Grobbelaar	084 299 3703	lengrob69@gmail.com
	Hettie van Rooyen		vrooyet@telkom.co.za